

JAARVERSLAG VAN DIE PRESIDENT GELEWER TYDENS DIE ALGEMENE JAARVERGADERING OP 12 NOVEMBER 2014

Geagte Lede

Dit is vir my 'n voorreg om nog 'n jaar se aktiwiteite af te sluit met die Presidentverslag vir die tydperk Julie 2013 – Junie 2014.

1. Ledetal

Die ledetal van die SAWWV staan op 621, met 5 buitelandse lede vanaf 5 lande. Vanjaar het 39 nuwe lede aangesluit. Ons gee graag ook erkenning aan ons ere-presidente, mnr Duimpie Bayly en mnr G Hofmann, asook ons 27 aktiewe erelede.

2. Finansies

Die SAWWV het die afgelope jaar 'n gesonde finansiële stand gehandhaaf (soos gesien kan word in die finansiële state). Inkomste word hoofsaaklik gegenereer deur die invordering van ledegelde, suksesvolle aanbied van tegnologie-oordrag geleenthede en bydraes van borge. Graag wil ek al ons lede en borge bedank vir hulle getroue ondersteuning gedurende die afgelope jaar.

Baie dankie aan ons tesourier oor die afgelope termyn, me Elda Lerm, mev Melinda van der Ryst (Administratiewe Bestuurder) en mev Mina Lourens (Finansiële Administratiewe Assistent) vir die administrering van die Vereniging se fondse. 'n Spesiale woord van dank aan mev Mina Lourens vir die wyse waarop sy die finansies van die vereniging elke jaar hanteer.

3. SAWWV aktiwiteite

3.1. 2013 Konferensie

Die 35^{ste} jaarlikse konferensie is by die Lord Charles Hotel in Somerset-Wes aangebied. Die konferensie is in 'n werkswinkelformaat aangebied en is deur 233 persone bygewoon. Die werkswinkeltemas was: *Terroir Identification and Utilisation thereof through adapted Viticulture, Grapevine and Wine Biology, Pest and Disease Management, Winemaking Techniques and Practices, Environmental Sustainability, Virus and Phytoplasma Diseases.*

3.2 Tafeldruifkortkursusse

Drie Tafel- en droogdruifkortkursusse is gedurende Julie gehou. Twee is in die Somerreënvalgebied (Kakamas en Groblersdal) en een in die Winterreënvalgebied (Paarl) aangebied. In totaal het 143 persone die dae bygewoon. Hierdie kortkursusse speel 'n belangrike rol in tegnologiese oordrag in die onderskeie gebiede. 'n Besondere woord van dank aan mnr Pieter Raath en sy Tafel- en droogdruifkomitee vir die reël van hierdie dae en die borge wat ruim bygedra het tot die sukses van hierdie drie geleenthede.

3.3 Wingerd- en Wynforum Werkswinkels

In ons strewe om aan al die behoeftes van die Vereniging se lede te voldoen, het die SAWWV se Wingerd- en Wynforum hulle aktiwiteite voortgesit. Die volgende werkswinkels is aangebied:

- 13 September 2013 – Lentebyeenkoms: 'n Toekomsblik op die S.A. Wynbedryf
- 11 April 2014 – Na-Pars Werkswinkel

Die twee werkswinkels is in totaal deur 121 persone bygewoon. Mnr Conrad Schutte en sy komitee word bedank vir die saamstel van die programme.

3.4 Suid-Afrikaanse Wynlaboratorium Werksgroep

Hierdie subgroep wat onder die vaandel van die SAWWV funksioneer, het vanjaar 3 werkswinkels aangebied. Die werksgroep se hoofdoel is om standaardisering van wynontledingsmetodes in die bedryf te verseker. Me Tanya de Goede en haar komitee word bedank vir die hantering van SAWLA se aktiwiteite.

4. Joernaal

Die joernaal se impaksyfer was 0.932 in Junie 2014 in vergelyke met 2013 se 1.193. Hierdie tendens is ook waargeneem by ander joernale soos bv. Die Amerikaanse en Australiese wingerd- en wynjoernale. Die redes is onbekend, maar kan moontlik toegeskryf word daaraan dat wyn verwante artikels in voedseljoernale gepubliseer word. Die registrering van die joernaal op verskeie soekmasjiene het die joernaal internasionaal meer sigbaar gemaak en daar word nou meer artikels van internasionale navorsers ontvang. Die uitgawe van November 2013 (volume 34, No. 2) het 18 artikels bevat en Junie 2014 (volume 35, No. 1) het 16 artikels bevat. Die getal intekenare op die joernaal staan tans op 55 (5 Binneland en 50 Buiteland).

'n Besondere woord van dank aan WINETECH wat bydra tot die uitleg- en drukkoste van die Joernaal. Ek wil ook graag Prof. Leon Dicks, die Redakteur sowel as alle Assistent-redakteurs bedank vir hul toewyding en tyd om die hoë standaard van die joernaal te handhaaf.

5. SAWWV Toekennings

5.1 Lallemand SA - Pryse vir die Beste Studente in Wingerd- en Wynkunde (US) en Keldertegnologie (KILO)

Die prys vir die beste finale jaar studente aan die Departement van Wingerd- en Wynkunde (US) en Kaapse Instituut vir Landbou Opleiding (voorheen Elsenburg), is gedurende Desember 2013 aan Alexandra Phillips (US) en Gizelle Coetzee (KILO) toegeken.

5.2 SAWWV Prys

Die prys vir beste artikel gepubliseer in die Joernaal word 2-jaarliks toegeken en word dus weer gedurende die 2014 kongres toegeken. Hierdie prys word sedert 2012 deur Winetech geborg.

5.3 Konferensie Pryse

Die 2013 konferensie is in 'n werkswinkelformaat aangebied, dus was daar geen Beste Lesing en Beste Plakkaat pryse nie.

5.4 Tafel- en Droogdruiffonds toekenning

Daar is vanjaar 'n gedeeltelike beurstoekenning aan me Larissa van der Vyver vir haar M.Sc. studies toegeken wat die invloed van plantbioreguleerders op tafeldruifproduksie ondersoek.

6. Webwerf, bemarking, skakeling en borge

Lede kan steeds alle nuwe inligting vanaf die webwerf kry: www.sasev.org.

Wye mediadekking oor die aktiwiteite van die vereniging het vanjaar in die tradisionele pers verskyn. Ons spesiale dank aan Wineland, Landbouburger, Die Burger, Landbou Weekblad, Farmers' Weekly, Eikestadnuus en die SA Vrugtejoernaal vir die spesiale diens aan ons vereniging. Sonder die pers kan ons vereniging en sy aktiwiteite nie ons lede en ander belangstellendes bereik nie. Die SAWWV Raad wil hiermee ook elke borg opreg bedank vir hul bydraes.

7. **Bedankings**

My opregte dank aan die volgende persone en instansies vir hul belangstelling, entoesiasme en ondersteuning:

- Die aktiewe lede van die SAWWV.
- Alle borge, donateurs, uitstallers en ander ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Wingerd- en Wynkundevereniging.
- Die Administratiewe Bestuurder, mev Melinda van der Ryst en mev Mina Lourens, die Finansiële Administratiewe Assistent van die vereniging, vir die hantering van die administratiewe, finansiële en verwante take.
- My mede-raadslede mnr Jacques Rossouw (Vise-President), mee Elda Lerm, Tanya de Goede, drr Sulette Oelofse, Danie Malherbe, Pieter Raath, Francois Halleen, Albert Strever, asook mnre Schalk Reynolds, Wim Truter, Conrad Schutte, Hennie Visser, Vink Lategan en prof Leon Dicks.

Die SAWWV het homself as 'n voorkeur voertuig vir tegnologie oordrag in die wingerd- en wynbedryf onderskei – mag ons as raadslede en lede die doelwitte van die vereniging ondersteun en uitbou tot voordeel van die Suid-Afrikaanse wingerd- en wynbedryf.



P. Andrag

PRESIDENT: Suid-Afrikaanse Wingerd- en Wynkunde Vereniging